

Maandag 4 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 3:21 –
5:32

Fokusgedeelte: Genesis 4:25,
26

God hou sy verbond in stand deur te gee!

Tot die verbond wat God daarstel, kan die mens nie bydra nie. Nee, ons neem helaas daarvan weg! Ons skend God se verbond! Onder aanhitsing van die duiwel, probeer ons die verbond vernietig en ongedaan maak.

Kyk hoe aaklig gebeur dit: God gee aan Adam en Eva 'n eersteling, 'n seun. "Ek het 'n man verkry met die hulp van die HERE!" jubel Eva dit uit. Let op Eva se woordkeuse. Die HERE gee, en dit nogal 'n seun, 'n man!

'n Man wat die vernietigende sonde van haar en Adam weer sal herstel, wat die slang se kop sal vermorsel, sodat die verhouding met God weer sal herstel. Dit was haar verwagting! Toe Abel gebore word, word sy naam se betekenis nie eers weergegee nie. Nee, Kain is die een wat die HERE belowe het (Gen. 3:15)! Maar in plaas van herstel, breek Kain net verder af. Die eerste kind wat ooit gebore sou word, word die eerste moordenaar! God gee, maar die mens verwyder! Met die moordenaar, Kain, sluit die HERE ook 'n verbond. Niemand sal hom vermoor soos hy sy broer Abel vermoor het nie.

Die herstel van die mens se verhouding, die verbond wat God met die mens gesluit het, is egter nou in gedrang. Adam kan die kop van die slang nie vermorsel nie, en Kain het homself ook bewys as dat hy dit ook nie kan doen nie. Wanhoop! Wat nou?

Dan gee God weer: Set. Eva sê: "God het my 'n ander kind geskenk in die plek van Abel, omdat Kain hom doodgeslaan het." Weer 'n seun. Nou besef Eva egter (en Adam sekerlik saam met haar!) dat die kinders wat God aan sondaarouers gee, ook sondaars is, en nie kan herstel waar hulle met hulle sonde die verhouding met God as't ware vernietig het nie (erfsonde).

Maar, God se belofte word nie vernietig nie, sy verbond hou Hý self in stand! Oplaas, op presies die regte tyd (Gal. 4:4), gee God finaal, en weer "in die plek van".

Waar die mens in sy vernietigende sonde van geslag tot geslag net eenvoudig voortploeter, gee ons HERE sy eniggebore Seun IN DIE PLEK VAN sondaars, van Adam en Eva af, deur die eeue heen, ook vir my en vir jou.

Jesus dra die volle gloed van God se toorn in die plek van God se uitverkore sondaarkinders, daar aan die vervloekte kruis op Golgota. Hy sterf in my plek! Ook deurbreek Hy die dood! En elke gelowige lewe, al het hulle ook gesterwe. Loof God, wat self sy verbond in stand hou, met 'n dankbare lewe elke dag!

Sing: Skrifberyming 10:1, 2

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)